

Sondag 2 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 2:8-19

Fokusgedeelte: Jeremia 2:13

Ad Fontes

Reënbakke is in die tyd van Jeremia in die grond uitgegrawe. Soms is dit ook uit klip gekap. Voor die handliggend is reënwater dan van die dakke en van oraloor opgevang. Hierdie water is onsuier en proe nie altyd lekker nie. Hierteenoor kry 'n mens fonteine waar vars, soet water spontaan uit die grond opborrel. Beter water kry jy nie!

Die Here noem homself hier in Jeremia die “fontein van lewende water”. Die Here is nie 'n reënbak nie. Hy is die oorsprong van die beste water. Jesus sê verder dié wat in Hom glo, sal strome lewende water hê wat uit hom vloei (Joh. 7:38). So, die Here is die fontein en Hy maak óns die reënbakke waaruit die strome lewende water vloei!

Net soos die volk van ouds het ek en jy die geneigdheid om vars fonteinwater oral te gaan soek, behalwe by die Fontein. Ons is gereeld tevrede met selfversamelde brak, modderwater. Dit was Juda se eerste groot oortreding. Met hulle eiewillige godsdienste en hulle eie, unieke manier van aanbid het hulle allerhande ander brak waters gaan soek, terwyl die Fontein van lewende water onophoudelik vars water reg voor hulle opborrel!

Hulle tweede oortreding was nie net dat hulle ander water gesoek het nie, maar dat hulle ook allerhande maniere bedink het om dit op te vang. Alle ander godsdienste is niks anders nie as gebarste reënbakke. Aanbidding wat nie ware aanbidding is soos God dit beveel nie, is 'n gebarste reënbak. Dit hou nie baie lank die water in nie. Dit kan jou nie voorsien van water in droogtetye nie. My en jou pogings om onself te verlos, is gebarste reënbakke wat geen water kan hou nie, wat nog te sê van die Lewende Fonteinwater.

Elkeen van ons is een of ander tyd besig om weer 'n nuwe reënbak te probeer uitkap. Ons dink ons kan beter water elders vind en ons dors daarmee les. Daardie reënbakke kan nie water hou nie. Los dit en gaan terug na die Here Jesus, die Fontein van Lewende Water. Moet nie tevrede wees met jou modderwater nie. Soms breek die Here ons selfgemaakte reënbakke af, om ons weer in ware aanbidding tot Hom, die Fontein, te herstel.

Ad Fontes: Keer terug na die Fontein en les jou dors in sy Woord. Rus in Christus. Hy het jǒú 'n reënbak gemaak sodat jy ook kan gaan om ander se dors te les met die Strome Lewende Water.

Sing: Skrifberyming (8-1) 14:1, 2

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)